

op enige vlak vervul. Dis die beste manier om die Woord te bestudeer – met die doel om nie net jouself nie, maar ook ander mense lief te hê en te help.

Vir jou Bybelstudie beveel ons die volgende aan:

1. *Young's Analytical Concordance* – 'n groot hulp as jy tekse oor spesifieke onderwerpe of behoeftes soek. Dit bevat die Hebreeuse en Griekse woordvertalings.
2. *Strong's Exhaustive Concordance* – 'n woordeboek van die Hebreeuse, Chaldese en Griekse woorde.
3. *Vine's Expository Dictionary of Biblical Words* – 'n woordeboek van Bybelse woorde en betekenis.
4. *Expositions of Holy Scripture* deur Alexander Maclaren – 'n reeks van 17 volumes wat preke en verklarings insluit oor byna elke boek van die Bybel, asook die omvattendste indeks van belangrike verklarende werke.

Jy kan ook verskeie vertalings van die Bybel vir jou studie gebruik. Om mee te begin, kan jy die King James Version en The Amplified Bible gebruik. Kenneth Copeland doen die meeste van sy studie uit hierdie twee weergawes. Hy beveel ook die Worrell, Goodspeed en Wuest's Expanded Translation aan. Al hierdie vertalings en naslaanwerke kan in bykans enige Christelike boekwinkel gevind word.

Jy kan ook die oudiokassette en boeke van ander predikers gebruik, maar moenie dat dit jou persoonlike Bybelstudie vervang nie. Neem dit wat hulle jou leer, maak seker dat dit in lyn is met God se Woord, en laat die Heilige Gees toe om daarby by te voeg.

Hier is 'n paar stappe wat jy kan volg wanneer jy Bybelstudie doen:

1. Pas die Woord op jou persoonlik toe.
2. Laat die Heilige Gees toe om die Woord 'n werklikheid in jou hart te maak.
3. Dink na oor hoe jy die Woord in jou daaglikse lewe kan toepas.

4. Dink na oor hoe die Woord jou omstandighede verander.
5. Sien jouself soos God jou sien.
6. Besef dat God se Woord integriteit het.

Hier is 'n gebed wat jy met selfvertroue kan bid wanneer jy jou Bybelstudie en meditasie begin:

Vader, ek kom na U toe in Jesus se Naam. Ek neem gesag oor Satan en bind sy werking in my lewe. Ek bid dat die oë van my verstand oop sal wees sodat ek sal weet hoe ryk my erfenis in U is, sodat ek vervul sal wees met die kennis van u wil in alle wysheid en geestelike insig, en sal leef soos wat dit U behaag, terwyl ek toeneem in my kennis van U.

Vader, ek bid dat ek geanker en opgebou sal wees in Jesus, rotsvas in die geloof. Ek glo dat Hy wat 'n goeie werk in my begin het, dit sal volhou tot die dag van Jesus Christus.

Ek weet U het my gebed gehoor, en daarom weet ek ook my gebed word beantwoord. Dankie, in Jesus se Naam.


Gebedsverwysings: Efesiërs 1:16-18; Kolossense 1:9-12; 2:6 10; Filippense 1:6; 1 Johannes 5:14-15.



Kenneth Copeland Ministries
Privaat Sak X 909, Fontainebleau, 2032, Suid Afrika.

KENNETH COPELAND MINISTRIES

Hoe om die Bybel te bestudeer



Hoe om die Bybel te bestudeer

As gelowiges hoor ons dikwels hoe belangrik dit is om God se Woord te bestudeer. Maar as jy nie regtig verstaan hoekom dit so belangrik is nie, sal jy sukkel om aan die gang te kom. Nog voordat ons by die 'hoekom' van Bybelstudie kom, moet ons eers kyk waarom Bybelstudie so noodsaaklik vir ons geestelike groei is.

Wat baie Christene nie besef nie, is dat God se Woord lewe! Die Woord kan regtig 'n invloed op jou daaglikse lewe hê. God maak Homself deur sy Woord aan ons bekend.

Soos wat Hy Homself aan jou openbaar, kan jy verwag dat jou lewe sal verander. Dit is omdat jy God self begin ken en nie meer net van Hom weet nie. Die rede waarom ons die Bybel bestudeer is sodat ons God kan leer ken en kan verstaan hoe Hy te werk gaan – en daarvolgens leef. Dán kan ons regtig suksesvol leef as Christene.

Die Bybel is 'n persoonlike boodskap van die Almagtige God self – reguit uit die hemel – aan jou. Jesus is die hooftema van hierdie Boodskap, selfs in die Ou Testament. Hy is die lewende Woord – God se boodskap aan die mensdom.

Reg van die sondeval in die Tuin van Eden af wil God ons nie net so in ons sonde los en sonder ons leef nie. Hy het 'n plan gehad – die verlossingsplan – toe Hy sy Seun gegee het om die prys vir ons sonde aan die kruis te betaal en ons sodoende terug te kry in 'n persoonlike verhouding met Hom. Prys die Here! Kyk uit vir Jesus in elke boek van die Bybel. Die hele Bybel wys òf vooruit na die Kruis òf terug na die Kruis.

Maak hierdie feit vir jouself uit: ja, die Bybel is God se geïnspireerde Woord, maar dit is bedoel vir gebruik op hierdie ou aarde! Moenie dit net op die bedkassie laat lê nie, maar maak dit jou persoonlike

lewenshandboek – 'n 'hoe-om-te'-boek vir elke dag. Raak ontslae van die negatiewe idee dat dit net 'n stel reëls is.

God se Woord is ons bron van vryheid! God het sy Woord juis gestuur om ons vry te maak, nie om ons vas te bind of te belas nie. Lees die Woord met 'n positiewe gesindheid. Sien dit as 'n oop deur wat na vryheid lei; nie as 'n lys van moets en moenies nie.

As jy eers weet hoekom dit so belangrik is om die Woord te bestudeer, sal dit vir jou makliker wees om dit te doen. Vir party mense is die moeilikste deel om net te begin. Maar al wat nodig is, is 'n besluit gevolg deur doodgewone volharding. Ons stel voor jy beskou hierdie studietyd van jou as 'n vaste afspraak wat jy moet nakom. Beplan dan jou daaglikse aktiwiteite rondom dié afspraak en nie andersom nie. Jy sal weldra begin uitsien na jou studietyd, en dan raak dit net makliker en makliker. En as jy van tyd tot tyd 'n afspraak mis, moenie bekommerd wees nie – kom net so gou moontlik weer in die gewoonte.

Wanneer jy met jou studie begin, is dit 'n goeie idee om 'n Bybel te gebruik waarin jy gemaklik voel om in te skryf en aantekeninge te maak. Onderstreep dele wat vir jou spesiale betekenis het. Dit sal die Woord vir jou meer persoonlik maak, en dit maak dit makliker om dié gedeeltes weer te kry wanneer jy hulle nodig het.

Een van die beste maniere om jou in die Woord in te grawe is om 'n onderwerp of 'n skrifgedeelte te neem wat jy beter wil verstaan. Bid dan vir begrip en onderskeiding ten opsigte van die skrifgedeeltes. Laat toe dat die Heilige Gees, wat God se Woord geïnspireer het, dit aan jou openbaar. Lees en dink na oor elke woord in elke skrifgedeelte. Jy kan ook die betekenis van die oorspronklike Griekse en Hebreeuse woorde naslaan.

Meditasie is 'n belangrike deel van jou

Bybelstudie. Om te mediteer beteken om diep en aanhoudend te dink, te peins of na te dink. Dit beteken ook om 'n gesprek met jouself te voer. Dit kan heelwat tyd in beslag neem. Lees die skrifgedeelte oor en oor terwyl jy in die Gees bid. Meditasie bring harmonie tussen jou gees en jou denke, en verhoog jou geloof se vermoë om vrygestel te word (Romeine 10:17). Vra die Heilige Gees om die oë van jou verstand oop te maak sodat jy die dieper dinge van God kan verstaan, en verwag dan dat Hy dit sal doen. Verwag dat Hy jou op jou vlak van behoefte tegemoet sal kom en sy Woord aan jou sal openbaar.

Wanneer jy begin, spandeer die meeste van jou tyd aan die Nuwe Testament. Konsentreer veral op die briewe wat die apostel Paulus aan die vroeë Kerk geskryf het. Ons stel voor jy soek vir en onderstreep frases soos 'in Hom', 'in Wie' en 'in Christus'. Hierdie frases kom 134 maal in die Nuwe Testament vanaf Handeling tot Openbaring voor. Elkeen van hulle wil iets vir jou persoonlik sê, want volgens Efesiërs 2:6 is jy in Christus!

Gee dit wat God sê, gesag in jou lewe. Dit beteken dat jy nie net moet glo wat God in sy Woord sê nie, maar dat jy ook daarvolgens moet leef en optree. Dit is die aksie wat ons neem wat die resultate gee (Matteus 7:24-27). Deel van hierdie aksie is om die Woord te spreek. Jy sal vind dat dit wat jy werklik in jou hart glo, is wat jy sal sê – en dit wat jy sê, bepaal wat in jou lewe gebeur (Markus 11:23).

Wanneer jy begin om God se Woord ten opsigte van jou behoeftes te spreek, moet niks anders sê wat teenstrydig is daarmee nie. Byvoorbeeld, as jy genesing nodig het, moenie oor die siekte praat nie. Bely eerder wat die Woord daarvoor sê, byvoorbeeld: "Deur sy wonde is ek genees, volgens Jesaja 53:4-5".

Wees soos 'n spons en neem soveel Woord as moontlik in. As jy in 'n situasie beland waar jy God se wysheid nodig het, sal sy lewe deur jou – deur middel van jou woorde – vloei en enige behoefte